13.2 RAPPORT 2: BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO – ADMINISTRASIE (Art 208)

A. Die Sinode konstitueer as ledevergadering.
A. Ds W Vogel lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Spesifieke opdragte

Oor die uitvoering van spesifieke opdragte wat deur die Ledevergadering (2012) aan die Bestuur gegee is, rapporteer ons soos volg:

1.1 *Acta 2012:57, 2.1*

Dat die finansiële beheer van alle skemas onder beheer van SDDS steeds sal setel onder die Bestuur van die Administratiewe Buro volgens die besluit van Sinode 2003:149, 3.

Uitvoering: Die finansiële beheer van alle skemas onder beheer van die SDDS setel nog steeds onder die Bestuur van die Administratiewe Buro volgens die besluit van Sinode 2003:149, 3. Op grond hiervan is daar nie aan die versoek van SDDS, om self bestuurstate op te stel, gehoor gegee nie.

Dat die geouditeerde state jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê moet word asook aan die Ouditkomitee van die Ledevergadering.

Uitvoering: Die geouditeerde state word wel jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro sowel as die Ouditkomitee van die Ledevergadering voorgelê.

1.2 *Acta 2012:72, 2.1: Die Administratiewe Buro gee agterstallige ramings aan elke Kerkraad en die Klassisse deur om indringend aandag aan te gee deur o.a. visitasie. Die Bestuur van die Administratiewe Buro verskaf 'n volledige uiteensetting aan Klassisse tov agterstallige ramings. Klassisse gee jaarliks ordelik terugvoer oor die hantering van agterstallige ramings.*

Uitvoering: Volledige uiteensettings van agterstallige ramings word twee maal per jaar aan Kerkrade en Klassisse deurgegee. Ongelukkig word weinig terugvoer oor die hantering hiervan deur Klassisse ontvang.

Aanbeveling: Dat die opdrag gekontinueer word. 'n Ernstige beroep tot Klassisse gerig word om dit te hanteer en ordelik terugvoer daaroor te gee.

1.3 *Acta 2012:72, 2.4: Die agterstallige ramings reflekteer, met 'n ouderdomsanalise, in die toekoms in die notas by die Administratiewe Buro se state.*

Uitvoering: Die agterstallige ramings, met ouderdomsanalise, word in die notas van die Administratiewe Buro se state gereflekteer.

Besluit: Neem kennis dat die opdrag uitgevoer is. Oor die inhoudelike daarvan sal die Ledevergadering hom uitspreek wanneer die state van die Administratiewe Buro ter tafel geneem word.

1.4 *Acta 2012:72, 2.5: Die Administratiewe Buro voorsien 'n werksdokument aan Klassisse waarin die beginsels en die bedrae van ramings op 'n bevatlike manier uiteengesit word.*

Uitvoering: 'n Werksdokument is aan Klassisse voorsien. Sonder om te veralgemeen, is dit 'n bron van kommer dat lidmate, en selfs kerkraadslede, se begrip en kennis hiervan kortskiet. Daarom is dieselfde dokument ook aan Kerkrade gestuur met die versoek om dit aan lidmate deur te gee. Uit navraag en terugvoer blyk dit egter dat heelwat Kerkrade nie aan die versoek voldoen het nie.

Besluit: Neem met kommer kennis.

1.5 *Acta 2012:73, 3.1: Handelsdebiteure: Verkope word in die toekoms op 'n kontantbasis gedoen. Elektroniese betalings word aanbeveel.*
Uitvoering: Dié werkswyse by die verkoop van boeke is vir hierdie agterstallige handelsdebiteure ingestel.
Besluit: Neem kennis.

1.6 *Acta 2012:73, 3.2: Gemeentes word gewys op die agterstallige rekeninge en versoek om dit te betaal. Lidmate wat agterstallig is, word opgeroep om dieselfde te doen.*
Uitvoering: Daar is navraag gerig en gereelde opvolg gedoen ten einde die agterstallige bedrae te in.
Besluit: Kennis geneem.

1.7 *Acta 2012:73, 3.3: Rente word gehef op rekeninge ouer as 90 dae, teen die Administratiewe Buro se bank se prima uitleenkoers + 1%*
Uitvoering: Waar van toepassing, is die voorgeskrewe rente wel gehef.
Besluit: Kennis geneem.

1.8 *Acta 2012:73, 8: Die Sinode wys weer 'n ouditkomitee aan.*
Uitvoering: Die aanwys van 'n ouditkomitee moet deur die Ledevergadering en nie die Sinode nie, aangewys word. Die aandag van die Ledevergadering word gevestig op die voorgestelde wysiging van artikel 5.3.2 van die Reglement van die Administratiewe Buro mbt die aanwys van die Ouditkomitee.
Besluit: Goedgekeur.

1.9 *Acta 2012:73, 9: Die Sinode verwys die King 3 verslag na die Administratiewe Buro en Ouditkomitee vir implementering.*
Uitvoering: Die implementering van die verslag word op 'n deurlopende basis aangespreek. So is daar jaarliks in die tweede kwartaal 'n verslagvergadering gehou waarheen afgevaardigdes van Kerkrade, Klassisse, Streeksinodes en Deputate genooi is. Dit is opgevolg met skriftelike verslagdoening aan kerke. Vergaderings met die Ouditkomitee is op gereelde basis gehou om toe te sien dat gereelde verslag en deursigtigheid plaasvind.
Besluit: Neem kennis.

1.10 *Acta 2012:74, 11: Dat die versoek ten opsigte van die gebruik van die grafiek in die verslag oor ramings na die Administratiewe Buro verwys word.*
Uitvoering: Die inligting is aan kerke deurgegee.

1.11 *Acta 2012:56, 1.1: Besluit: Ten opsigte van 1.1 besluit die Sinode soos volg:*
1. *Die jaarlikse verslaggewing waarna Kerkrade, Klassisse en Streeksinodes genooi word, verval.*
2. *Die verslag word wel opgestel en per e-pos aan elke gemeente gestuur. 'n Uitdruk word aan die Kerkrade wat nie e-pos kan ontvang nie, gestuur.*
3. *Kerkrade word vriendelik uitgenooi om so gou moontlik te reageer.*

Uitvoering:
1. Punt 1 van die besluit het tot gevolg dat die Reglement (arts 10.1 en 10.2) van die Administratiewe Buro gewysig moet word. Dit is gedoen en die gewysigde art 10 word vir goedkeuring saam met nog voorgestelde wysigings aan die Reglement voorgehou vir goedkeuring.
2. Die Bestuur heg baie waarde aan direkte kommunikasie en gesprekvoering, daarom is daar vir die afgelope termyn soos volg te werk gegaan: Jaarliks, met die Mei/Junie bestuursvergadering waar begrotings soos deur onderskeie Deputategroepe ingedien word vir goedkeuring, is 'n verteenwoordiger van elke Deputategroep sowel as die Skakeldeputate uitgenooi om die vergadering by te woon. Die uitkoms daarvan was dat daar insae in die state (verlede), maar ook deelname en mede-eienaarskap vir die volgende jaar (toekoms) se oorhoofse begroting kon plaasvind.
3. Na elkeen van hierdie vergaderings is, in ooreenstemming met die opdrag (2), verslae aan kerke gestuur en kon hulle daarop reageer.

Die Deputate Programmering word versoek om die Reglement eerste op die program te plaas wanneer al die Rapporte van die Bestuur dien, omdat die besluit oor wysigings aan die Reglement bepalend is vir aanbevelings in verskillende Rapporte.

1.12 *Acta 2012:58, 2.3 (1): <u>Verpligte kollektes:</u> Die Administratiewe Buro gee agterstallige kollektes van Kerkrade aan Kerkrade en Klassisse deur om tydens visitasie daaraan aandag te gee.*
Uitvoering: Daar is spesifieke skrywes aan Klassisse gerig en daar word maandeliks, saam met ramingsrekeninge aan elke kerk 'n staat gestuur waarin aangedui word watter bedrae vir verpligte kollektes ontvang is, en wat nog uitstaande is.

1.13 *Acta 2012:64, 8: Gemeentes wat enige probleem met ramings ondervind, moet deur die Klassis waaronder die gemeente ressorteer bygestaan word, waarna aan die Administratiewe Buro gerapporteer word.*
Uitvoering: Kerke wat die Administratiewe Buro direk nader, word terugverwys na die betrokke Klassis. Van twee Klassisse is terugrapportering ontvang.

1.14 *Acta 2012:64, 9: Riglyne ten opsigte van reis en verblyf bestaan reeds en die Administratiewe Buro word versoek om hierdie riglyne jaarliks aan Deputate beskikbaar te stel met die versoek om nougeset daarby te bly.*
Uitvoering: Die riglyne word deurlopend hersien en aan Deputate deurgegee.

1.15 *Acta 2012:64, 12: Toekenning van honoraria – betaling moet deur die Deputaatgroepe gemotiveer word en genotuleer word waarna dit na die Administratiewe Buro gestuur word vir vereffening. Die hele proses moet deursigtig wees.*
Uitvoering: Die opdrag is uitgevoer.

1.16 *Acta 2012:63, 2: Afwagrekening waar ongeallokeerde ontvangste te boek gestel word, aan 'n dubbele kontrole maatreël onderworpe sal wees.*
Uitvoering: Die opdrag is nie duidelik nie, maar alles moontlik word gedoen om ongeallokeerde inbetalings te identifiseer. Die kerke in kerkverband verloor geen fondse hierdeur nie.

1.17 *Acta 2012:85, 13.10: Aanbevelings:*
1. *Notules, verslae en verwante stukke wat oor die termyn van drie jaar deur Deputate gehou word, moet aan die einde van die termyn by die Administratiewe Buro ingehandig word.*
2. *Verkieslik elektronies sowel as in harde kopie.*
3. *Die Administratiewe Buro moet dit verder hanteer en uiteindelik aan die Kerkargief besorg vir veilige bewaring.*

Besluit: Aanbevelings goedgekeur.
Uitvoering: 'n Skrywe is aan Deputate gerig om hulle hierop attent te maak.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.17 kennis geneem.

2. Deurlopende opdragte

2.1 *Registrasie van huweliksbevestigers deur die Administratiewe Buro op Potchefstroom*
Uitvoering: Word deurlopend gedoen.

2.2 *Benoeming van 'n korrespondent vir Radio- en TV nuusversameling. Die Administratiewe Buro hanteer die saak op 'n deurlopende basis deur nuusberigte aan CNW, Radio Pretoria en NBC te stuur*.
Uitvoering: Die Deputate Media, Radio en TV benoem die korrespondent en daarom behoort hierdie opdrag by die betrokke Deputate.

Besluit: Punte 2.1 en 2.2 goedgekeur.